Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 26 (14 – 21 Augustus 2026)**

# ***SPORT***

## KRIEKET

Baie geluk aan Zané Botha wat verkies is tot die o/13 MMC krieketspan. Ons is baie trots op jou.

Die o/11 krieketspan wie se wedstryd uitgestel is, vind plaas op Maandag, 17 Augustus om 14:30 te Jacobsdal. Baie sterkte aan hulle. Die span verdaag om 13:30 by die skool om gereed te maak vir die wedstryd.

Alle leerders wat nie in die o/11 A-span is nie, oefen by mnr. Tait soos op buitemuurse program aangedui.

Die A-spanne wat gekies is by o/13 seuns en dogters en o/11 seuns, is ‘n vaste spanlys en kan slegs met ‘n mediese sertifikaat verander word.
Bogenoemde spanne speel in die T20-reeks en die reël staan vas dat genoemde spanne nie verander mag word tydens die reeks nie.

Die o/13 seuns en dogters A-spanne speel Woensdag, 19 Augustus wedstryd teen Staats in Kimberley. Wedstryde begin om 14:30. Leerders verdaag om 12:30 en die bus vertrek om 12:45 vanaf die skool. Busgeld beloop R150 per speler. Daar is ‘n “Poll” op die groepe geplaas. Ouers moet asb. aandui of hul kind van busvervoer gebruik gaan maak.

## TENNIS

Baie geluk aan die spelers wat gister, 13 Augustus, te Hopetown gaan speel het.

Sterkte aan die o/13 gemengde span wat vanaf Donderdag, 20 Augustus tot Saterdag, 22 Augustus aan die Eureka tennistoernooi gaan deelneem.

## SKAAK

Baie sterkte aan die spelers wat vandag, Vrydag, 14 Augustus aan die Vrystaatkampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem.

# LEERDERS

## BYBELVASVRA

Die volgende leerders neem Donderdag, 20 Augustus aan die uitdunrondte van die Nasionale Bybelvasvra-kompetisie deel:

- Melindri Lombaard
- Micheline Visser
- Christibe de Witt
- HD Kruger

Dit vind plaas om 14:30 in die konferensiekamer. Baie sterkte met julle voorbereiding.

**WOW SPELFEES**

Baie geluk aan die deelnemers wat Donderdag, 13 Augustus aan die Xhariep-distriksbyeenkoms in Trompsburg gaan deelneem het. Hier volg die uitslae:

**Gr 2**
Wandile Sangweni – 1ste plek
Hanre Nortier – 2de plek

**Gr 5**
JP Stander – 1ste plek

**Gr 6**
Elizna Koen – 2de plek

**Gr 7**
Cindeline van Wyk – 1ste plek
Melindri Lomaard – 5de plek

Die eerste 4 posisies gaan deur na Vrystaatse provinsiale kompetisie wat plaasvind op 26 Augustus by Jim Fouche om 15:00.

**NOORD-KAAP KUNSTEFEES**

Sterkte aan die leerders wat Maandag, 17 Augustus aan die NK-kunstefees gaan deelneem met voordrag. Juf. Saricé het reeds die inligting op die groep deurgegee.

**TJOKKERTONEEL**

Baie geluk aan ons dapper akteurs en aktrises wat vanjaar vir die eerste keer aan die ATKV Toneelkompetisie in Bloemfontein deelgeneem het. Ons produksie het 'n brons verwerf.
Ons is baie trots op elkeen van julle.

……………………..
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Jandré du Plessis (oupa in hospitaal)
Richard van Niekerk (oupa in hospitaal)
Mienke Fox (mangeloperasie)
Divan en Wian Roos (baba sussie ryker)
Tharina Roelofse (pa siek)

# KAMMALAND

## Wintersmark

**VRYDAG**

**21 AUGUSTUS**

**09:00-12:00**





- Nailbar
- Speelgoed
- Hope lekkergoed
- Jaggeweertjies
- Haarspray
- Tattoo's
- Lekker Speletjies
- Donuts
- Skiet stalletjie
- Gesigverf
- Cupcakes
- Treintjie

- Arts & Crafts
- Squishies
- Funny straws & koeldrank
- Jaffels
- Heerlike Braaistalletjie
- Pasteitjies & Quiche
- Koffie/ Hot chocolate
- Toasted broodjies
- Lucky packets
- Popcorn

*Kom ondersteun ons asseblief!*


OPWAARTS
OPWAARTS
JACOBSDAL
PRIMêR
SKOOL
JAKKIES
Wees
HAAStig
om 'n
JAKKIE
te word!
Skryf gou in
voor 31Aug.
Gr. R - 7



# Dancing Owls

**BALLET STUDIO**

bied aan

# Ballet Minimester

**1 uur klas per week vir 4 weke**

**vir Graad 1, 2 en 3's**

## *Wat behels dit?*

- Ons leer 'n **lekker ballet dansie** wat die basiese ballet bewegings, tegnieke en hoe om korrek te strek insluit.

- Tydens die vierde klas **nooi ons die ouers kom kyk** , en ons maak 'n video vir ouers wat vêr is of nie kan bywoon nie. Daar sal ook 'n **foto hoekie** wees.

- Elke danser kry 'n **medalje en sertifikaat** vir hul deelname nadat hulle die klasse bygewoon het.

## *Ballet klere?*

Die juffrou **leen** vir elke danser 'n paar ballet skoene om te dra tydens die klasse, en met ons laaste klas bring die juffrou vir elkeen 'n ballet kostuum saam om hulle dansie mee te op te voer **vir die dag**..
**geen ekstra kostes vir ballet klere nie!**

## *Datums en kostes?*

Donderdae middae na skool:
27 Augustus, en 3, 10 en 17 September
by Jacobsdal Primer
R800 per danser

Whatsapp jou danser se naam, van en graad
om haar plek te verseker.. daar is slegs 10 plekke beskikbaar!

# Annemé 082 665 3064